



DIE OLIELAMP

Blad van die Jeug in die Vrye Gereformeerde Kerke van Suid-Afrika

VREUGDE IN DIE HERE

Daarin verheug julle jul, al word julle nou – as dit nodig is- ‘n kort tydjie bedroef onder allerhande beproewinge, sodat die beproeftheid van julle geloof, wat baie kosbaarder is as goud wat vergaan maar deur vuur gelouter word, bevind mag word tot lof en eer en heerlikheid by die openbaring van Jesus Christus;

Vir wie julle, al het julle Hom nie gesien nie tog liefhet; in wie julle, al sien julle Hom nou nie, tog glo en julle verbly met ‘n onuitspreklike en heerlike blydskap, en die einddoel van julle geloof, die saligheid van julle siele, verkry. (1 Petrus 1:6-9)

Uit die aardse bron vloei allerhande beproewings, liggaamlik en geestelik. Daar is die misoes op ons lande en daar is ook die misoes wat ons van ons lewe gemaak het, van ons studies, van ons huwelik, van ons menslike verhoudings, noem maar op. By elke vreugde is daar ook ‘n tikkie hartseer. ‘n Druppel gal is in die soetste wyn, sê die digter, in elke lag ‘n sug van pyn. Ons lewe word soms goed opgesom in die liedjie oor die kelkie sonder voet; ons lag wel oor ons lippe, maar ons huil in ons gemoed.

Hier lê vir die kind van die Here ‘n groot uitdaging: jy moet jou verheug, selfs al word jy deur allerhande beproewings bedroef gemaak. Jy kan nie die

skaduwees wegwens nie. Jy kan ook nie blydskap kunsmatig optower nie. Maar jy kan begin om dinge in die Bybel se perspektief te sien. Jy moet insien dat jou beproewing “nodig” is; hulle is nie maar fratse van ‘n blinde noodlot nie, maar skakels in God se plan met jou lewe. Hulle is daar om jou geloof te toets, want jou geloof is die band wat jou aan God bind en dit is vir Hom kosbaarder as goud. Jy moet jou beproewings nogtans nie vertroetel en hulle groter as lewensgroot opblaas nie; hulle is verbygaande van aard, hulle duur maar ‘n kort tydjie. Die stroom van God se seëning daarenteen, is blywend. Die lewe wat Hy gee, is ewig. Die vlam van lewende hoop wat Hy in jou aansteek, word nie geblus nie. In sy bewaring is jy veilig vir tyd en ewigheid. Die vrede wat Hy gee, hou die wag oor jou hart en gedagtes om jou teen ans en paniek te bewaar. (Uittreksel uit: Spatsels van sy liefde deur Dr. Hennie Conradie)

Ons ken almal hartseer in ons lewe, maar die vreugde wat die Here gee is blywend en dit mag ons lewens beheers. Mag hierdie uitgawe bydra om die vreugde van die lewe met die Here gestalte te gee.



Namens die Kaapse Redaksie
Carina van Alten

INHOUD

Vreugde in die Here	1		
Uit die woord	2	Resensies	13
Die Vyfde Bede:	2	Hart van die sesde leer – Konsalik	13
Die sewende gebod:	3	When heaven weeps – Ted Dekker	14
Rede oor ‘onbekende God’ (Hand 17:15-34)	4	Qua vadis (Filmbespreking)	14
Oppad	5	Sosiaal	15
Wie twyfel oor die krag van die gebed	5	Ekspedisie deur Afrika	15
Die Bybel, die Psalms en die hervormers (I)	6	Deur die Sleutelgat	17
Elke Sent...	8	Voetspoor	18
Voel jy ook so?	9	Nog iets...	19
Vraagstukke in ‘n sportmal tydperk	10	Funny how...	19
Ons taak as Christen vir die Here	11	Maak tyd	20
		Verjaarsdae	20

DIE VYFDE BEDE:

“Vergeef ons ons skulde net soos ons ook ons skuldenaars vergewe.”

Floris Visser

Hierdie bede is nog baie belangriker as die vorige bede: “Gee ons vandag ons daaglikse brood.” Die vorige bede het oor ons liggaamlike behoeftes gegaan. As ons die daaglikse brood verloor sterf ons liggame, wat natuurlik nie goed is nie, maar as ons nie bid om vergifnis en ons sondes word nie vergewe nie, sterf ons siel. Dit is dus baie belangriker om hierdie bede te bid as die vorige bede. Ons dink nie altyd daar oor na nie, want as ons honger ly voel ons dit aan onself, maar as ons nie vergewe word nie voel ons dit nie tot ons dood gaan nie. Die sonde maak ons dus nie net sleg nie, maar ook nog dom en blind.



In hierdie bede is daar ook ‘n duidelike belydenis. ‘n Belydenis van ons skulde. Ook moet ons raak sien dat hier van die meervoud gepraat word. As ons regtig voor God wil lewe sal ons hoe langer hoe meer raaksien dat ons baie sondes het. Die erken van ons foute is ook so moeilik vir ons as mense. As ons onder mekaar verkeerde dinge doen sal ons ook mekaar om vergifnis moet vra en moet toegee dat ons verkeerd was. Dit is vir ons egter baie moeilik. Hier in die gebed doen ons dit dan so maklik. Dis eintlik al ‘n gewoonte wat ons aangeleer het. Hoe verkeerd is dit nie. As ons voor God dit so maklik kan bely, God wat ons regtig vir ons sondes kan straf, moet ons dit onder mekaar ook kan bely. As dit egter nie moontlik is nie, hoe kan ons dan die tweede deel van die bede bid? As niemand van ons deur ons knieë wil sak voor die ander en sy skuld wil bely nie, hoe moet ons dan die ander vergewe wat hy gedoen het? Laat ons dan begin besef dat ons voor mekaar op die knieë moet gaan en dat ons ons skulde teenoor mekaar moet bely. Ons is mos immers tog almal kinders van God? Dus ons sal mekaar tog alles wil vergewe? Hoe moeilik dit ook al mag wees en hoe groot die sonde ook was? Vir wat moet ons dan bang wees om ons skuld vir mekaar te bely?

Ons vergewe van skulde en God se vergeef van skulde is wel verskillend. God se vergewe is totaal en al wegdoen. Hy vergeet heeltemal wat ons gedoen het. Hy maak weer reg wat ons stukkend gemaak het met ons sondes. Ons moet ook probeer om so te vergewe. Ons moet daaraan werk om so te vergewe soos God vergewe. Maar tog bly daar deur die gevolg van die sonde somtyds weer ‘n gebrokenheid. Die verhouding word dan nie ten volle herstel. Hoe sleg dit ook al is. Hier moet ons dan ook regtig aan werk spring. En dit vra ons dan ook. As God ooit soos ons sou vergewe sou die hemel vir ons almal gesluit wees en sou die hel ons ewige woonplek wees. Dan sou Christus se dood vir ons almal niks beteken nie, want dan sou die gemeenskap met God nog nie herstel wees nie. Maar gelukkig is die gemeenskap met God wel ten volle deur Christus ontwil herstel. Ons sien en bely dit in H.K. Sondag 51 waar ons bely “Reken ons,...,ter

Redaksies:

Pretoria:

Redaktrise: Tanya de Vente –
tanyadevente@freemail.absa.co.za
Sekretaresse: Carina Bijker
Lede: Wilma Lubbinge
Chris Stolper
Arjan van Houwelingen

Maranata:

Redaktrise: Cora Visser - jrvisser@global.co.za
Penningmeester: Daniël van der Meulen
Sekretaresse: Marie Louise van den Bout
Lede: Cornelia Kerkhoff
Frans Hagg
Johan de Vente

Kaapstad:

Redaktrise: Carina van Alten - carinavalten@mweb.co.za
Artikelversorging: Corrien Geleynse
Jaco Haak
Sekretaresse: Clara van der Vinne
Finansies: Albert Drijfhout

Kontakpersone:

Johannesburg: Marietjie Bijker
Bethal: Eugene du Preez
Springs: Thersa Heuning
Brakpan-Suid: Marcel Brown

Administrasie & uitleg:

Willemien Kleijn - willy_k@freemail.absa.co.za
Gerhard Bijker - gerh@rd.co.za

Ons hoop om *Die Olielamp* 9 keer per jaar uit te gee. Hierdie eksemplaar is ook elektronies beskikbaar by die volgende Internet adres:

<http://www.vgk.org.za/olielamp/>

Koste: R45.00 per jaar

wille van die bloed van Christus nie toe nie.” God sien dit dus glad nie meer aan nie. Dit is heeltemal weg.

Ons kan onself dus gelukkig ag dat God nie vergewe soos ons vergewe nie, maar dat Hy ons ons sondes glad nie toereken nie. Laat ons dit dan ook besef as ons die volgende keer iets teen ‘n ander sê of doen en laat ons dan ook onself vir ‘n ander wil buig

en ook ons sondes voor hom wil bely. Sodat ons ook voor God ten volle geheilig kan word deur die bloed van ons Here Jesus Christus en die ongelooflike genade van God. Laat ons dan ook goed nadink as ons hierdie bede bid en besef dat daar regtig baie van hierdie bede afhang. Nog baie meer as van die vorige bede. Ons het die vergewing baie nodiger as die brood waarvoor ons ook vra.

DIE SEWENDE GEBOD: Christus stel sy bruid vlekkeloos voor God

Arjan van Houwelingen

Sonde teen die sewende gebod lei tot die dood

Aan die heel begin van die Bybel kom die sewende gebod ter sprake. Nadat God gesien het dat Adam eensaam is, maak Hy vir Eva. Beide is vir mekaar gemaak en pas presies bymekaar. Saam kan hulle geestelik en liggaamlik een vlees wees. Nadat God man en vrou geskape het, sê Hy dat dit goed is. Hy vind self dat Hy die huwelik perfek gemaak het. Deur die huwelik kan die mensdom uitbrei oor die hele aarde, kan gesinne tot sy eer gevorm word, en mag man en vrou ook van mekaar geniet. Die huwelik is een van God se mooiste skeppingsgawes.

Maar direk na die sondeval word die huwelik al klaar stukkend gemaak. Adam en Eva skaam hulle nou vir mekaar (Gen. 3:7), en beskuldig mekaar ook as oorsaak van die sondeval, in plaas daarvan om mekaar te help en aan te vul, soos wat God dit bedoel het toe Hy die huwelik ingestel het.

Dit gaan nou nog steeds so voort, alhoewel die mense nou die skaamte probeer oorwin met skaamteloosheid, maar die respek vir mekaar het heeltemal weggeval. Vrouens word gesien as verbruikersgoedere, mans as tiranne en onderdrukkers in plaas van die hoof van die vrou, wat hulle leiding moet gee terwyl altwee God dien. Die huwelik en seksualiteit gee die mens nie meer die bevrediging wat God daarmee bedoel het nie. In plaas van ‘n gawe vir die mens, word seksualiteit nou ‘n mag wat oor die mens heers, wat op alle moontlike maniere bevredig moet word. So erg word dit, dat mense daaraan ten gronde gaan (dink bv. aan vigs). Spreuke 5:5 stel dit baie duidelik, en sê oor die ontugtige vrou: Haar voete daal na die dood toe af, haar treë streef na die doderyk toe. Sonde teen die sewende gebod lei tot die dood.



Kinderoffers bring geen uitkoms nie

In die Ou Testamentiese tyd het die heidenvolke ook goed besef dat met losbandigheid ook allerhande siektes en verderf saamkom. Tog wou hulle hul sondige praktyke nie prysgee nie, en het allerhande gode ontwerp om hulle tog nog te beskerm. Gode wat gewoonlik die bloed van hul kinders geëis het (sien 2 Kon. 16:3). So het die heidense afgode nie uitkoms gebied nie, maar nog meer verwoesting van gesinne veroorsaak.

Die offer van God se eie Seun bied uitkoms

So is God nie. Hy eis geen offers van ons om ons uit ons sondes te red nie. Die offer van kinders is vir Hom ‘n gruwel. Nee, die vrywillige offer van sy eie Seun was vir Hom genoeg om al ons sondes, insluitende dié teen die sewende gebod te vergewe. En Hy stuur sy Heilige Gees om ons te heeltemal te bevry van hierdie sondes, sodat ons eendag as vlekkelose bruid in wit klere wat in Christus se bloed gewas is, saam met Hom in die volmaakte “huwelik” kan gaan.

REDE OOR 'ONBEKENDE GOD' (HAND 17:15-34)

Paulus arriveer in die stad Athene, diè wêreldstad, en dit het hom alles behalwe bei ndruk. Die pragtige geboue en tempels, die monumente en die afgodsbeelde het hom bedroef met die gedagte dat dit alles toegewy was aan afgodediens en bygeloof.

Midde-in die stad was die heuwel van die Acropolis, en aan die oostekant van die Acropolis was die kleiner heuwel, sonder 'n gebou daarop, genoem die Areòpagus. Op daardie heuwel het die hoogste raad van regters hul vergaderings gehou. Aan die voet van die Areòpagus, aan die noordekant, het die Agora (=mark) gelê, dit was nie net 'n mark nie maar 'n sakesentrum.

Paulus het nie net met die Jode in die Sinagoges gedebatteer nie maar ook met die Atheners op die Agora. Hier het hy met die twee vernaamste denkwyses te doen gekry naamlik, die Stoï syne en die Epikureërs. Die Stoï syne glo dat daar 'n godheid of wêreldsiel is wat in alle dinge woon, ook in die mens. Hulle doel in die lewe was om in volle harmonie met die wêreldsiel te leef. Om dit te bereik, moet die mens afstand doen van allerlei plesiere waar hy behae in skep, en moet hy strenge selfdissipline beoefen, veral sy emosies in bedwang hou. Deur nooit te wys dat hy opgeruimd of kwaad is nie word hy een met die godheid.



Die Epikureërs het weer gesê die mens leef net een maal en dan word hy uitgewis. Daarom moet hy soveel van die lewe geniet as wat hy kan.

Vir die mense het Paulus gelyk na 'n "verkondiger van vreemde gode" en hulle het hom gebring na die Raad van die Areòpagus om sy leerstelling te verduidelik. Paulus se toespraak voor die Raad is anders as die een wat hy in Listre gehou het (Hand. 14:15-17)

Hy begin deur te verwys na die altaar wat toegewy was aan 'die onbekende god'. Hy verklaar dat dit sy missie is om die onbekende god aan hulle bekend te maak. Verder het hy God beskryf in sy skepping en voorsienigheid deur gebruik te maak van die gedigte van bekende Griekse digters.

Paulus het toe geargumenteer dat God nie aanbid moet word soos die afgodiese manier van die Atheners nie, en dat God tot nou toe nog hulle onkundigheid oorsien het, maar dat daar nou 'n verandering plaasgevind het.

Die mens is aan God rekenskap verskuldig en om diè rede moet hy hom van sy bose werke bekeer. God het 'n dag vir die oordeel bepaal. As Regter het Hy 'n Persoon aangestel wat Hy uit die dode opgewek het.

Paulus het nie eens kans gekry om verder te praat nie. Hy het nog nie eens daartoe gekom om die Naam van Jesus Christus te noem nie. Toe hy praat van die opstanding uit die dode het hy iets gesê waarvan sowel die Epikureërs as Stoï syne niks wou weet nie. Hulle val hom in die rede. Sommige dryf die spot. Ander stel in die vooruitsig dat hulle hom later weer 'n geleentheid sal gee om sy opvattinge te verduidelik.

En so het Paulus van hulle af weggegaan, teleurgesteld en ontmoedig en eensaam. Tog was dit nie volkome vrugteloos nie. 'n Aantal manne het by hom aangesluit om verder te praat, en die gevolg was dat hulle gelowig geword het. Onder hulle was 'n lid van die Areòpagus-raad, Dioi sius, en ook 'n vrou met die naam Damaris.

Bronne:

The New Bible Commentary: Revised
Handboek Bybelse Geskiedenis, Die Nuwe
Testament Prof. Dr. E P Groenewald

WIE TWYFEL OOR DIE KRAG VAN DIE GEBED

Tanya de Vente

'n Kerkvader. 'n Brilljante filosoof. 'n Retor by uitnemendheid. Augustinus...

Maar as ons na Augustinus kyk, moet ons nie kyk na die briljante filosoof of Augustinus die man nie, maar na

- 1) die Krag van die gebed en
- 2) die Genade van God.

Augustinus is in 354 nC gebore in Thagaste (Noord-Afrika). Sy pa (Patricius) was 'n heiden, 'n man van die wêreld. In teenstelling daarmee was sy ma (Monica) 'n vroom en godsdienstige vrou. Sy het gedroom dat haar seun eendag 'n beroemde rektor sal word. Monica het ook baie na die geestelike welsyn van haar kind gekyk. Sy het geweldig baie gebid vir haar kind. Augustinus het ook baie sterk aangetrokke gevoel tot sy ma, oor haar het hy bladsye vol geskryf en oor sy pa net halwe woorde, nooit regtig hartlike woorde nie.

Monica se huwelik met Patricius was nie 'n baie gelukkige een nie. Veral ook omdat haar man ontrou was aan haar. Hy was ook 'n baie opvlieënde man. Sy het egter altyd kalm gebly en gewag tot sy woede buie bedaar het en hom dan daarvoor aangespreek. Deur haar wyse en taktvolle optrede het sy as kroon op haar werk haar man ook vir die Here gewen.

Haar geloof was vermeng met bygelowige elemente. Sy het byvoorbeeld die heiliges gediens en martelare se grafte besoek. Sy het soms hele nagte by hulle grafte deurgebring waar sy drome en visioene gekry het. Sy het baie sterk aan die drome geglo. Later in haar lewe het sy haar daarvan afgewend.

Augustinus se opvoeding

Augustinus het grootgeword met die twee teenstellende kragte... 'n heidense pa en 'n Godvresende ma. As jong kind is hy nie gedoop nie. In die tyd is daar geglo die sonde na die doop weeg swaarder as sonde voor die doop. So het baie mense hulle eers op hul sterfbed laat doop. Toe hy as jong seun dodelik siek word as gevolg van 'n maagkramp het hy die doop begeer. Hy het egter weer gesond geword voor hy gedoop kon word.

Hy ontvang sy laerskool opleiding in die Thagaste laerskool. Volgens sy eie getuigenis het hy nie 'n gebrek aan verstand of geheue gehad nie. Speel was

egter 'n voorkeur. Hy sê hy was skool toe gestuur om te leer lees en skryf, maar hy kon ongelukkig nie die nut daarvan insien nie. Hy is geslaan as hy nie wou lees nie. Hy het gedurig tot God gebid en gesmeek dat hy nie geslaan word by die skool nie. Hy is daarna na Madaura hoërskool, 'n karakterbederwende skool. Omdat daar nie geld was vir verdere studies nie, het hy sy sestiende jaar in ledigheid spandeer. Hy sê egter die ergste wat hy kan onthou wat hy gedoen het was, om pere by die buurman te steel...

Studiejare

Patricius kry egter 'n vername burger van Thagaste, Romanianus, om Augustinus se studies te borg. Augustinus vertrek na die stad van verderf: Carthago. 'n Sedelose stad waar hy les kry in Retoriek (kuns van welsprekendheid). Die stad het sy naam, Carthago Veneris, Godin van Liefde, gestandgedoen. Venusdiens is beoefen, maar dit het 'n diens van vlees ten koste van eerbaarheid en trou geword. Sy ma het egter aanhoudend en daaglik vir hom gebid.

Daar het 'n soort kameraadshuwelik bestaan in Noord-Afrika. Dit was 'n huwelik tussen 'n man en 'n vrou van die laer stand. Die Romeine het dit feitlik, maar nie wetlik, gelykgestel aan 'n huwelik. Dit kom basies neer op saamwoon. Die voordeel was dat beide partye mekaar maklik kon verlaat as dit sou nodig word. Augustinus was nie lank in Carthago nie, toe hy met 'n Kartaagse meisie gaan saamwoon het. Op agtien jaar word 'n seun vir hom gebore wat hy Adeodatus noem. Dit beteken: deur God geskenk. Later jare het hy egter anders geredeneer – kind van my sonde. Hy het hierdie huweliksverhouding as normaal beskou. Hy was dertien jaar saam met haar, (het haar later op aandrang van sy ma verstoot) maar in die jare was hy baie getrou aan haar. Gedurende hierdie tyd het sy ma nog steeds aanhoudend vir haar seun gebid.

Geloof

Sy geloof in die tyd was nie heeltemal heidens nie, miskien paganisties. Hy het vir die dag geleef. Toe hy negentien jaar oud was, moes hy "Hortensius" van Cicero bestudeer. Dit is 'n dialoog tussen Hortensius en drie ander persone. Hortensius verheerlik die redenaar kuns en het 'n afkeer in filosofie. Die drie ander sprekers verdedig die filosofie. Al drie het gesê die studie van goddelike wysheid oortref by verre die

welsprekendheid. Deur die lees van hierdie dialoog is Augustinus opgewek om die vryheid te bemin, te soek, na te volg en vas te hou. Hy het na die Bybel gegryp, maar nie gevind wat hy gesoek het nie. (Hy het 'n gebrekkige Latynse vertaling gehad – die eenvoudige styl het hom nie aangestaan nie.)

Hy het homself weggekeer van die Skrif en 'n Manicheër geword. Nog 'n rede hoekom hy hom van die Bybel weggekeer het was dat die Bybel eis geloof op gesag. Augustinus het egter net bewysbare, logiese dinge aangeneem.

Manicheïsme

Heussi het die Manicheïsme as die erfgenaam van Gnostisisme beskryf. Gnostisisme is egter 'n "Christelike" sekte. In teenstelling daarmee was Manicheïsme 'n geestelike beweging buite die Christelike kerk. Die stigter, Pers Mani, het Parzisme, Boeddisme, Christendom volgens Gnostiek en Christendom volgens Babiloniërs vermeng tot een. Mani was gekruisig na vervolging vir sy "geloof". Sy "godsdien" het egter baie vinnig versprei. Manicheïsme bely 'n drie eenheid van God, maar op 'n ander manier. Hulle glo Christus het in 'n skynliggaam na die aarde gekom, en glo nie in die kruisiging en opstanding nie. Die Ou Testament word verwerp, die Nuwe Testament word verdraai. Soortgelyke sektes is vandag nog steeds met ons en prof. K. Schilder het hom sterk uitgespreek teen hierdie sektes in een van sy geskrifte.

Manicheërs is in twee klasse verdeel:

- Die Onï ngewydes (gehoor)
- Die Ingewydes (uitverkorenes)

Op twintigjarige leeftyd voltooi Augustinus sy studies en keer terug na Thagaste. Terug by die huis verkondig hy sy nuwe geloof teen sy moeder se sin in. Sy wys hom op sy gedrag en die leuen van Manicheïsme. Dit is alles tevergeefs, Augustinus ignoreer haar waarskuwinge en gaan voort met die verkondiging van Manicheïsme. Sy ma verbied hom toe die huis. Hy trek egter by Romanianus in wat 'n

groot ondersteuner is. Sy ma huil, sy bid daagliks vir haar seun. Hy volhard egter. Monica besef dat Augustinus veiliger sal wees onder haar dak as onder Romanianus se dak, waar hy ondersteun word in wat hy doen.

Vir nege jaar is Augustinus verlei, het hy verlei, het hy bedrog gepleeg, is hy bedrieg deur verskeie begeerlikhede. Openlik deur die sogenaamde vrye kunste wat hulle beoefen het, en in die geheim deur die valse naam van godsdien.

Augustinus het baie gespot met die doop, sy vriend wat hy ook gewen het vir Manicheïsme het ernstig siek geword. In die geheim het hy hom laat doop. Toe Augustinus van die doop verneem het, het hy gespot daarmee. Hy sê hy het met hom gespot en gedink dat sy vriend saam sou lag, maar sy vriend het hom vermaan en gesê as Augustinus sy vriend wou bly moet hy ophou om sulke dinge vir hom te sê. Enkele dae daarna sterf sy vriend. Augustinus was baie hartseer oor die verlies van sy vriend. Na die dood van sy vriend wou hy weg kom uit Thagaste. Hy het teruggegaan na Carthago en weer by sy "vrou" en seun ingetrek. Monica verhuis ook later na Cartago en trek by hom in.

Tot nou toe het Monica nog steeds voortdurend vir haar seun gebid en gesê sy sal nie sterf voor Augustinus nie bekeer is nie.

In 'n volgende artikel kan ons lees hoe haar gebede verhoor word deur die genade van God...

Bronne:

- Geelhoed, J. 1952. Augustinus. Goes. Oosterbaan & Le Cointre n.v.
- Sizoo, dr. A. 1957. Augustinus, leven en werken. Kampen J.H. Kok n.v.
- Slings, G. 1988. Outlines in Church History. Australia. Pro Ecclesia Printers.
- Shelly, B.L. 1982. Church history in plain language. Dallas-London-Sydney-Singapore. Word Publishing.

DIE BYBEL, DIE PSALMS EN DIE HERVORMERS (I)

Inleiding

Een van die groot besware van die Kerkhervormers van die 16de eeu was dat die Katolieke kerk nie al die waarhede van die Bybel aan die lidmate bekend gemaak het nie. Dit was dus vir die Hervormers belangrik dat die Bybel vir almal toeganklik moes wees. Daarom het daar tydens die Hervorming so

baie vertalings van die Bybel in die Europese tale verskyn.

As teenvoeter vir die vertalings wat deur die Hervormers gedoen is, het die Katolieke hul eie vertalings gedoen. Al hierdie uitgawes was natuurlik moontlik met die hulp van die nuwe boekdrukkuns.

Die Hervormers het die lidmate by die eredienste betrek met die sing van liedere. Hulle het dan ook daadwerklike pogings aangewend om liedere- of psalmbundels saam te stel en so is die kerklied ook deur die Hervorming bevorder.

Vir die Gereformeerdes aan die Kaap, Hollanders sowel as Franse, was hul Bybels en Psalmboeke 'n kosbare besitting. Hierdie boeke is nie net vir kerklike onderrig gebruik nie, ook vir skool onderrig. Waar daar nie skole was nie, was hierdie dikwels die enigste boeke waaruit die ouers hul kinders kon leer lees en skryf.

Ontstaan van die Bybel

Die woord Bybel is afgelei van die Griekse woord biblia wat boeke beteken. Die Bybel bestaan uit 'n Ou en 'n Nuwe Testament wat altwee saamgestel is uit verskeie boeke. Die Ou Testament bevat 39 boeke wat oor 'n tydperk van ongeveer een duisend jaar geskryf is, hoofsaaklik in Hebreeus met enkele dele in Aramees.

Groot dele van die Ou Testament was vir baie eeue lank mondelings oorvertel voordat dit vir die eerste maal neergeskryf is. Dit was waarskynlik in die regeringstyd van koning Salomo, in die 10de eeu voor Christus, dat sommige van die ou Israelitiese verhale vir die eerste maal op skrif gestel is. (Wat van Moses? Ex. 34:27 – Redaksie).

Tydens die Babiloniese ballingskap van die Israeliete in die 6de eeu v.C. is 'n groot poging aangewend om al die Ou Testamentiese geskifte byeen te bring en te redigeer. Volgens oorlewering was die priester en skrifgeleerde, Esra, hoofsaaklik hiervoor verantwoordelik.

Die Nuwe Testament bevat 27 boeke wat oor 'n tydperk van ongeveer een honderd jaar in Grieks geskryf is; die meeste hiervan in die tweede helfte van die eerste eeu.

By die Ou Testament is ook 'n aantal Apokriewe boeke gevoeg. (Apokrief = oorsprong onseker, oneg). Die Hervormers het nie die Apokriewe boeke as deel van die Bybel erken nie, maar dit tog gereken as nuttige boeke wat saam met die Bybel gelees kon word.

Eerste vertalings

Reeds voor die jaar 200 v.C. is die Pentateug, dit wil sê die eerste vyf boeke van die Ou Testament, vir die eerste maal in Grieks vertaal en wel deur 'n aantal Jode wat in Alexandrië in Egipte gewoon het en nie meer Hebreeus verstaan het nie. Die res van die Ou

Testament is in die loop van die volgende eeu vertaal. Hierdie vertaling het bekend gestaan as die Septuagint omdat daar, volgens oorlewering, sewentig mense hierby betrokke was.



Die eerste Christene het hierdie vertaling van die Ou Testament as verwysingsbron aanvaar en al die aanhalings uit die Ou Testament wat in die Nuwe Testament voorkom, kom uit die Septuagint.

Met verloop van tyd is die Nuwe Testament by die Ou Testament gevoeg om so die volledige Bybel te vorm.

Ander vroeë vertalings

Daar bestaan ook ander vroeë vertalings van die Ou en Nuwe Testamente. Die Aramese targums het ontstaan na die terugkeer van die Jode uit Babilon. In die jare van hul gevangenskap het hulle meer gewoon geraak aan die Aramees (verwant aan Hebreeus) en het nie Hebreeus so goed verstaan nie. Hulle het nou die Pentateug as konstitusie aanvaar en dit daarom gereeld in Hebreeus voorgelees. Om dit beter te verstaan het hulle begin om parafrases of targums daarvan in Aramees te maak wat dan saam met die oorspronklike Hebreeus gelees is. Later is hierdie targums amptelik aanvaar.

In Noord-Mesopotamië tussen die Tigris- en Eufraatriviere het ook baie Jode gewoon wat Siries, 'n Oos-Aramese taal, gepraat het. Die Ou Testament is toe ook in Siries vertaal. Die baie Christene wat hier gewoon het, het hierdie Ou Testament gebruik en ook die boeke van die Nuwe Testament in Siries vertaal. Hierdie Bybel het bekend gestaan as die Peshitta (vereenvoudigde) vertaling.

Reeds in die tyd van die apostels was daar Christene in Egipte. Hulle het die Bybel in Kopties ('n oud-Egiptiese taal) vertaal.

Die Gote het in die omgewing van die Ryn- en die Donauriviere gewoon. Biskop Ulfilas wat onder hulle

gewerk het, het teen die jaar 360 `n aantal van hulle na die huidige Bulgarye vergesel. Daar het hy die Bybel vir hulle in Goties vertaal. Dit was die eerste vertaling van die Bybel in die Germaanse taal.

Teen die jaar 200 het Latyn die belangrikste taal in die Romeinse Ryk geword en teen 250 het daar alreeds verskeie Latynse vertalings van die Bybel bestaan. Biskop Damasus van Rome (366-384) het aan sy sekretaris, Jerome, opdrag gegee om die hele Bybel in Latyn te vertaal. Hy het eers die Nuwe Testament uit Grieks vertaal en toe Hebreeus aangeleer om die Ou Testament uit die oorspronklike

Hebreeus te vertaal en nie vanuit die Septuagint nie. Teen die jaar 405 het hy die werk voltooi. Hierdie vertaling het as Latynse Vulgaat bekend gestaan. Dit was in hierdie vorm vir baie eeue die enigste amptelik erkende Bybel in Europa. Tot die twintigste eeu het die Katolieke kerk slegs vertalings goedgekeur wat op die Vulgaat gebaseer was. Word vervol.

(Geneem uit "Die Bybel, Die Psalms en die Hervormers" deur Alet Malan. Hugenote – Gedenkmuseum Fransschoek, 1995)

ELKE SENT...

Linda de Vente

Die Here is in bestuur van die hele aarde. Ook van jou geld. Hy sien elke sent in jou beursie. Ook elke sent wat jy op die toonbank neersit. Gee jy maandeliks jou 'tiende' vir die kerk? Of kan jy beter dié geld spaar om eendag daardie 'droomkar' te kan koop?

Die Here het die mens gemaak as rentmeesters. 'n Rentmeester is iemand wat aangestel word oor sy eienaar se besittings. Hy het vrye beheer daarvoor maar moet nog steeds baie verantwoordelik daarmee omgaan, want hy moet rekenskap daarvan kan gee aan sy eienaar. Die vergelyking in Mat. 25:14-30 oor die talente is 'n goeie voorbeeld om te gebruik. Hierdie vergelyking is ook van toepassing op ons geldbesteding.



Materialisme mag geen rol in ons lewe speel nie. Materialisme is 'n duidelike sonde teen die eerste gebod. 'Jy mag geen ander gode voor my aangesig hê nie.' Die Here wat vir ons ons besittings gee moet altyd die belangrikste in ons lewe bly. Geld en

besittings is maar net aardse skatte wat baie minder belangrik is as die ewige lewe. So wil Christus ons ook leer in Mat. 16:26 as Hy sê: "Wat baat dit 'n mens as hy die hele wêreld win, maar aan sy siel skade ly?" Ook eindig Christus die vergelyking van die ryk dwaas treffend as Hy sê: "So gaan dit met hom wat vir homself skatte vergader en nie ryk is by God nie." Hier teenoor word ons as God se kinders opgeroep om ons skatte in die hemel te vergader.

Gierigheid is ook 'n vorm van verkeerde geldbesteding. Geld is duidelik die god van die gierigaard. Hy vergeet dat hy ook 'n rentmeester is en hou alles vir homself terwyl die Bybel ons leer om mededeelsaam te wees. Selfs Paulus waarsku ons daarteen in 1 Tim. 6:10a as hy skryf: "Geldgierigheid is 'n wortel van alle euwels."

Iemand wat met sy geld mors of sy geld onverantwoordelik bestee vergeet ook dat hy 'n rentmeester van God is. Die Here waarsku sulke mense dat hulle arm sal word (Spre 23:20,21). 'n Christen moet daarenteen gekenmerk word deur spaarsaamheid en vergenoegdheid (Fil. 4:11-13; 1 Tim. 6:6,8).

Hoe moet 'n Christen dan sy geld bestee?

- tot eer van God
- vir die instandhouding van die lewe
- tot hulp van die medemens
- vir die arbeid van die owerheid.

So moet ons dan dankbaar ons geld gebruik as goeie rentmeesters van Jesus Christus, want die dag as Hy terugkeer op die wolke sal Hy ook van jou rekenskap vra.

I am convinced that...

“Want ek is verseker dat geen dood of lewe of engele of owerhede of magte of teenwoordige of toekomstige dinge of hoogte of diepte of enige ander skepsel ons sal kan skei van die liefde van God wat daar in Christus Jesus, onse Here, is nie.” (Rom 8:38,39)

Het jy dit al beleef ? Jy bereik uiteindelik die punt in jou lewe waar jy nie meer verder kan nie, jy voel heeltemal magteloos. Dan voel dit meermale of God jou vergeet; asof dit nooit weer goed sal gaan met jou nie; asof die Here nie jou gebede verhoor nie....

“Want die Here tugtig hom wat Hy liefhet, en Hy kasty elke seun wat Hy aanneem” (Heb 12:6). God tugtig die wat Hy liefhet. God mag sien dat jy dalk besig is om van Hom weg te beweeg en wil jou op so ‘n manier nie van Hom skei nie, maar jou juis nader aan Hom bring. Hy het jou meer lief as wat jy ooit sal besef!

“Wat sal ons dan van hierdie dinge sê? As God vir ons is, wie kan teen ons wees?”

(Rom 8:31) Jesus Christus is vir ons, niemand kan teen ons wees nie. Sy groot genade verlos ons uit die skuld en God blyk in die daad van sy liefde ons goedgesind te wees. Die Vader het sy Seun nie gespaar nie, want sy liefde is geen spaarsame liefde nie. Die menswording en kruisdood van sy Seun is die bewys van die omvang en egtheid van die Vader se liefde!

Al sal allerlei magte en omstandighede probeer om teen jou te wees of teenoor God se plan met jou te staan, kan niemand of niks iets blywends teenoor Hom vermag nie. Jy sal nooit van sy liefde geskei kan word nie.”En Ek gee hulle die ewige lewe, en hulle sal nooit verlore gaan tot in ewigheid nie, en niemand sal hulle uit My hand ruk nie” (Joh 10:28). God gee aan sy kinders die ewige lewe en niemand en niks kan ons uit sy hand ruk nie!



Cannot Separate Me from the Love of God which is in Christ Jesus

Hester van der Meulen

VRAAGSTUKKE IN 'N SPORTMAL TYDPERK

Die afgelope tyd het sport - en binne die volgende paar maande sal dit weer so wees - 'n groot rol gespeel in baie mense se gedagtes en in die media. Met die afgelope skouspelagtige vertoning van Suid Afrika se krieketspan teen Australië, die wonderlike rugby van die Bulls en Bafana Bafana se wêreldgehalte spel in hulle vriendskaplike wedstryde, was sport 'n groot onderdeel van die nuus.

Verder is daar weer baie topsport in die nabye vooruitsig: die finales van die Champions League, die wêreldbeker sokker, Wimbledon, die ontknoping van Formula 1, alle Bulls wedstryde (veral dit) en nog sulke voorbeelde. Toe Hansie Cronjé se omkoping bekend geword het, was die hele Suid Afrika in diep rou gedompel. Baie mense, ons ingesluit, kan ure lank vol belangstelling praat en lees oor ons gunsteling sport en alles wat daarby hoort. Vol entoesiasme kan 'n hele gesprek soms net gaan oor watter speler na watter klub gaan en hoekom dit goed of nie goed is nie. Vir sportbelangstellendes 'n goeie vermaak by byvoorbeeld koffiedrinke, maar vir die buitestaander baie keer neigend na sportverdwasing. Hoe moet 'n mens sport beoordeel? En wat sê die Bybel daarvan?



Dat liggaamlike oefening goed is vir 'n mens, is bekend. 'n Mens kan nie die verstand en die liggaam skei nie, en daarom is daar ook die bekende cliché: 'n gesonde liggaam huisves 'n gesonde verstand. Die liggaam is ook 'n tempel van die Heilige Gees, en dit moet verantwoordelik gebruik word. Daarom is sport belangrik, aangesien dit die liggaam gesond hou (of veronderstel is om dit te doen). Verder is sport 'n goeie manier om te kompeteer. Vir die tydsduur van

die wedstryd is politiek vir 'n rukkie nie belangrik nie, gaan dit net om die wedstryd. 'n Manier van diplomاسie, dus. 'n Goeie voorbeeld hiervan is die sokker wêreldbeker in 1998. Die groepe is so ingedeel dat Iran teen die VSA moes speel. Vir dié negentig minute van die wedstryd is daar net gou nie aan politiek gedink nie, nie aan oorlog nie, maar net aan die bal en die doel.

Die vorige voorbeeld is egter 'n uiters idealistiese beeld. Want wie ken nie die verhale van die "oorlog" wat uitbreek op die pawiljoene as Griekse spanne teen Turkse spanne sokker speel nie? Of as Kaizer Chiefs teen Orlando Pirates, Ajax teen Feyenoord of Barcelona teen Real Madrid speel nie? 'n Baie bekende afrigter het 'n keer die beroemde woorde gesê: "sokker is oorlog". En as 'n mens kyk na baie voorvalle uit die verlede (waar selfs mense vermoor is!) dan sal 'n mens dit amper letterlik opvat! Is sport nog sport? Verdere negatiewe punte van sport kan ook maklik opgenoem word.

Wat moet ons as Christene daarvan dink dat sport 'n persoon se werk is? Wat van hulle belaglik-hoë salarisse, terwyl ander mense hulleself stukkend werk om slegs 'n paar rand te kry? Of wat ons dink van sportfederasies soos die NBA waar die geld amper alles oorgeneem het? Wat van die wedstryde wat amper altyd op Sondag gespeel word? En die gevloek op die veld? Dis allerhande punte wat ons Christene laat wonder of ons wel onself besig mag hou met sport. Moet ons maar nie eerder net wegbly daarvan nie, omdat dit alles versiek is deur geld, gevloek en ander onbybelse dinge nie?

Sommige mense gebruik soms 1 Timotheus 4:8 om te sê dat sport nie goed is nie: "Want die liggaamlike oefening is tot weinig nut, maar die godsaligheid is nuttig vir alles, omdat dit die belofte van die teenwoordige en die toekomstige lewe het". Mense sien dit baie keer as die bewys dat sport nie beoefen moet word nie, want dis alles heeltemal onnuttig. Maar dit is bietjie vergesog: Paulus sê nie dat dit geen nut het nie, maar net dat dit nie baie nut het as jy dit vergelyk met dit waarvoor die lewe regtig gaan nie. Dit het slegs nut in hierdie lewe, maar nie wanneer ons kyk na wat ons doel in die lewe is nie, naamlik die ewige lewe. Nêrens word daar in die Bybel negatief oor sport as sulks gepraat nie.

Daar is egter ander aspekte wat jammer genoeg nou aan sport verbind is, wat wel bevestigteken kan word. Soos die geweld, wat al eerder genoem is. Hoe kan 'n

doodgewone speletjie, soveel aggressie opwerk dat dit die mense selfs lei tot moord? Dan het die gesonde genot in sport in die mense verdwyn, en kan die uitslag van 'n sekere wedstryd maar net so wel Baäl genoem word. Soos die Baäl-priesters hulself opgesweep het vir Baäl en daardeur onverantwoordelike dinge gedoen het, so sweep die toeskouers hulself en mekaar op (en dink dat dit die telling sal verbeter), en doen onverantwoordelike en sondige dinge: moderne afgodery!

Baie mense het ook 'n groot probleem met die feit dat mense sport as beroep het. Maar is dit verkeerd? Is 'n talent in sport nie net soveel 'n talent wat gebruik moet word as byvoorbeeld 'n aanleg in Wiskunde of om talentvol te wees as 'n onderwyser nie? En dis nie asof sport in die maatskappy heeltemal onbelangrik is nie, want daar is oorgenoeg aanvraag daarna, en daarom is dit vergelykbaar met beroepe soos skrywers of skilders. Die enorme bedrae geld wat daarmee gepaard gaan is egter minder onskuldig: is 'n gewone mens \$ 56 miljoen (Luis Figo) werd? Is dit nie weer maar net afgodery nie? Of dalk gekamoefleerde slawerny? Die antwoord is nie so moeilik nie. Veral omdat oral ter wêreld mense doodgaan van honger en al tevrede sou wees met \$ 10, is die bedrae geld ronduit belaglik. Dis beslis nie 'n voorbeeld van die sorg vir die armes, wat tog wel 'n belangrike opdrag in 'n Christen se lewe is, nie.

'n Waterdigte beswaar teen die meeste (professionele) sporte is dat dit baie keer op Sondae beoefen word. Natuurlik is dit nie verkeerd om byvoorbeeld Sondagmiddae net vir ontspanning bietjie krieket te speel nie, maar daar is 'n paar dinge waarna jy dan moet kyk: gaan dit ten koste van die kerkgang, is dit 'n manier van rus en is dit verantwoordelike Sondagsbesteding? As die sport professioneel beoefen word, is dit logies dat geen

wedstryde op Sondag gespeel mag word nie, omdat ons al eerder gesien het dat 'n beroep in sport nie verskil van 'n beroep soos 'n onderwyser of 'n loodgieter nie. Verder moet jy jou sport ook in so 'n mate beoefen dat jy wel uitrus en dat dit nie gaan sorg dat jy later in die kerk nie kan konsentreer vanweë jou moegheid of die oorskot aan adrenaline nie. 'n Mens moet ook jou sport (en dis natuurlik ook so deur die week) op 'n Christelike manier beoefen. Natuurlik, niemand het nog ooit 'n Christelike ace geslaan nie, of 'n Gereformeerde drie gedruk nie, maar deur slegs Christus se beeld uit te dra op die veld, deur byvoorbeeld nie te vloek nie of nie agterbaks te speel nie, kan ons wys dat ons ook in sport ons Christelik wil gedra.

Laaste punt: kan 'n mens evangeliseer op die sportveld en hoe doen mens dit? Natuurlik kan ons, soos in die vorige paragraaf gesê, dit doen, deur slegs al op 'n Christelike manier anders te wees. Maar soms sien 'n mens dit ook ietwat ekstremer: as byvoorbeeld Brasiliaanse sokkerspelers op die veld hardloop slaan hulle gewoonlik 'n kruisie. Natuurlik, dis Rooms Katoliek, dis bygelowig en dis nie meer uit die hart nie, maar kan ons nie ook deur so-iets wys dat ons God sien in ons lewe en ook in ons sport nie? Deur slegs op 'n eerlike manier te bid vir hulp en leiding in die wedstryd (wat gesien die gevloek nie eers so onnodig sal wees nie)?

Om alles saam te vat kan ons sê dat sport 'n mooi gawe van God is, en dat dit van ons afhang of ons dit ook so gebruik. Ons mense kan dit òf positief gebruik òf negatief misbruik. Maar soos met alles sal ons vir 'n positiewe invulling van ons aksies God nodig hê. Dat ons ook deur ons liggaam die Here kan loof en prys. Hoop ons almal besef dit as ons dalk die komende seisoen weereens 'n bal dom beheer of 'n afslaan teen die net slaan.

ONS TAAK AS CHRISTEN VIR DIE HERE

Chris Stolper

Profeet, Priester en Koning... Waaraan laat dit jou dink? Vir die meeste van ons het hierdie drie woorde slegs een betekenis. Ons dink direk aan een persoon naamlik: die hoëpriester Melgisedek, van wie ons in die Ou Testament lees. Die gedagte wat dan in ons kop opkom, is: ag, dit beteken tog nie veel in my geloofslewe nie. Dit gaan alleen maar oor die Ou-Testamentiese orde, wat in Jesus Christus vervul is. Maar wag eers voor jy die artikel eenkant sit, en nie meer verder lees nie. Die drie ampte het alles met jou geloofslewe te doen. Deur die drie ampte vandag

uit te lewe, vind jy jou vreugde in die lewe. 'n Innerlike vreugde wat deel van jou hele wese is. Natuurlik is daar tye wanneer ons mismoedig en swaarmoedig is en deur dieptes gaan, maar dan mag jy weet dat deur Christus se sterwe jy nou 'n nuwe doel in die lewe het. Nie 'n eenmalige doel wat jy hierop aarde kan volbring nie, maar 'n ewigdurende doel wat strek tot die dag dat Christus terugkom. Die dag wat jy volkome vreugde in jou lewe mag ervaar. Met die Here wat ons die krag gee om die doel na te strewen in 'n sondige en gebroke wêreld, mag ons

vandag bly wees, en ons blydschap in dankbaarheid uitleef. Ons kan en mag dan uitroep: “Soli deo Gloria” – aan God al die eer.

In die artikel wil ek fokus op die doel in ons lewe, waaruit ons nou reeds op aarde volkome vreugde kan put. Dit gaan daaroor dat in Christus is ek volmaak Profeet, Priester en Koning.

Die volgende tabel gee ’n kort perspektief op die ampsverdeling in die Ou-Testament:

	Melgisedek	Aäron	Jesus Christus
Amp	Priester en Koning	Slegs Priester	Profeet, Priester en Koning
Voorgeslag as Priester	Nee	Ja	Nee
Nageslag as Priester	Nee	Ja	Nee
Tydsduur	Eenmalig lewenslank	Lewenslank deur opvolging	Ewig en eenmalig
Betekenis	Totale lewenswyding en gawes uitdeel	Middelaar en versoening	Versoening, voorspraak, volmaakte lewenswyding en gawes uitdeel

Adam en Eva is na die beeld van God geskape. D.w.s. hulle het die roeping tot Priester, Profeet en Koning gehad. Vanweë die mens se opstand teen God uit vrye keuse, het die mens geweier om die drievoudige amp te beklee. Deurd Christus vir ons die straf gedra het, maak Hy ons weer tot ampsdraers om tot sy eer te lewe. Ons is weer in die beeld van God herstel. Beteken dit dat ons die ampte volledig kon uitvoer voor die sondeval, en nou ook omdat Christus vir ons gesterf het?

Die mens was in staat tot ’n volkome lewenstoewyding tot God voor die sondeval. Noudat Christus gesterf het, is ons herskep. Ons is nog steeds nie die beeld van wat ons was nie. Toe was ons die enigste volmaakte beeld van God.

Amper soos ’n standbeeld wat volgens die oorspronklike plan herbou is, so is ons ook herstel na die beeld volgens die beeld van God. Dit beteken egter nie dat ons nou is soos Adam en Eva was nie, want ons is besmet met die erfsonde. Ons moet Jesus Christus as die enigste volmaakte beeld navolg, in ons toewyding aan die Here.

Jesus Christus was in sy volmaaktheid alles wat Adam en Eva nie was nie. Adam en Eva was bestem tot Profeet, Priester en Koning in hul totale lewenswyding aan God. Christus het kom doen wat die mens nie kon doen nie. Om die beeld van God te wees, is nie om soos God te lyk nie, maar dit lê in die roeping ten aansien van ons roeping, en opdrag ten aansien van die verantwoordelikheid wat ons teenoor God en die hele skepping het.

Jesus Christus se werk is aanwesig voor, in en na sy vleeswording. Dit beteken dat Christus, terwyl Hy mens was en nou in die hemel is, se amp as middelaar in drie aspekte onderskei word naamlik Profeet, Priester en Koning. Hy was voor sy menswording al Middelaar. Hy het Homself direk na die sondeval as Middelaar aangebied (Gen.3:15), en is nou ook nog steeds ons Middelaar wat vir ons intree by God.

Wat beteken dit vandag om die drie ampte na te leef?

“In die hart van die wedergebore Christen is daar ware liefde. Ons kan God alleen liefhê omdat Hy sy liefde in ons harte uitgestort het. Dit is soos ’n spieël wat nie sy eie lig kan uitstraal nie, maar die lig van die son weerkaats.”

Met hierdie woorde in gedagte wil ek graag hê dat jy die volgende 3 paragrawe lees. Sodoende is dit nie ’n klomp selfopgelegde reëls nie.

1: Profeties: Wel, waarop dui dit eintlik? Die belangrikste taak van ’n profeet was nog altyd om die naam van die Here te bely, en op so ’n manier die evangelie te verkondig. Die taak geld vir elkeen van ons vandag nog. Om dit te doen moet ons oor kennis van God se Woord beskik, asook die belydenisse. Om die Here se Naam te bely, moet ons die belydenisse versier met ’n godvrugtige lewenswandel. D.w.s ons moet vrugte van die Gees dra. Deur so te lewe verrig ons ook onopsetlike evangelisasiewerk.

Verder dui die woord profeet daarop, dat ons die eredienste getrou moet bywoon. Ons het geen reg om self uit te maak hoe ons die Here wil dien nie. Ons moet ook die prediking beoordeel of dit in ooreenstemming is met God se Woord.

2: Priesterlik: Om te bid is die vernaamste deel van dankbaarheid omdat ons dit aan God verskuldig is. Daardeur kry ons die krag om al die opdragte uit te voer. Ons behoort onself as ’n lewende dankoffer aan die Here te offer. Wie dit verstaan sal sy gawes gewillig aan die kerk gee. Dit is slegs maar een van die maniere hoe ons barmhartigheidswerk kan verrig. As ons mekaar liefhet, sal ons in staat wees om mekaar te help waar ons kan.

3: Koninklik: Omdat ons met die Heilige Gees gesalf is, moet ons die stryd teen die duiwel, die wêreld en ons eie vlees aanbind. Op so 'n manier oefen ons as gelowige gesag uit, immers, ons gaan uit van die oorwinning wat Christus reeds behaal het, en ons hier reeds in beginsel saam met Hom oor alle skepsels regeer. In die hiernamaals regeer ons volkome saam met Hom.

Met hierdie ampsoplegging het ons 'n groot voorreg en tegelykertyd 'n groot verantwoordelikheid ontvang. Eendag sal ons moet rekenskap aflê oor wat ons met die amp gedoen het. Al het iemand net een talent ontvang, moet hy daarmee woeker.

Ons moet weet dat ons daartoe verskuldig is om ons gawes tot nut en saligheid, gewillig en met vreugde tot ons naaste aan te wend (H.K. vr.55). God roep ons en maak ons ook bekwaam.

Ek hoop dat die artikel nou 'n beter begrip gegee het op wat die Here van ons vra in ons lewe as 'n Christen. Dalk dink jy dis oordrewe of te veel gevra, maar deur werklik vir die Here te lewe, en jou lewe in sy hande te plaas, en van Hom alles te verwag, sal jy aan die take voldoen. Dit is alleen deur die krag van God wat ons dit regkry om Hom met ons hele hart te dien. En dit is ook deur dieselfde krag wat ons elke keer weer mag opstaan as ons geval het, of wanneer ons weer op ons eie insigte begin vertrou het. Vir die van ons wat bekommerd is van waar ons staan, sê Christus vir ons: "bid en vir julle sal gegee word". Mag ons dan nie met daardie wete, elke dag vol moet en blydschap in Christus tegemoet gaan nie? Op so 'n manier kry ons lewe 'n doel, want ons lewe vir Hom en nie vir onself nie. Maar ons bly onvolmaak en kan alleen daarna strewe om al die take uit te voer.

Resensies

HART VAN DIE SESDE LEER – KONSALIK

Wilma Lubbinge

Voorwoord van die skrywer:

Opedra aan die eenvoudige soldaat
op wie se rug die sondes van
die politici gelaai word
as vermaning en oproep.

Die voorwoord bevat die kern en die rede waarom die verhaal geskryf is. En dwarsdeur die boek word dan ook die verhaal van die gewone soldaat van die Duitse leër, in die Tweede Wêreld Oorlog beskryf.

Dis nie 'n mooi verhaal nie. Sonder om doekies om te draai word die werklikheid – soos die skrywer dit sien – beskryf. Die aakligheid na die oorlog, die swaarkry, die doodmaak en die verraad. Maar in kontras daarmee staan die liefkry en omgee, die selfverloëning en opoffering. Soos in baie ander Konsalik boeke kom die dokters en hulle werk in die oorlog baie sterk na vore. Daarmee saam die ongelooflike swaarkry van die soldate, waar hulle vasgekeer is in die winter in Siberia. Hitler het sy leërs ingestoot sonder die nodige voorrade kos, klere en ammunisie. En tog bly sy harde opdrag: Julle mag nie terugval of oorgee nie. Hou julle posisies! En met die woorde word miljoene Duitse soldate se doodsvonnis uitgespreek.

En die oorsprong van die titel van die boek?

Die dokters sien 'n vreemde ding plaasvind onder die troepe. Jong, oënskyklik gesonde soldate slaan dood

neer, sonder enige rede. Die kaptein sal nog oor die kaart buig om strategieë te bespreek en skielik sak hy in mekaar. Of die gewone voetsoldaat sal nog aan 'n droë korsie brood kou en skielik is hy net dood. Na deeglike ondersoek word vasgestel dat die soldate se harte net eenvoudig gaan staan.

Hoeveel dooies in die afgelope weke aan die 'hart van die 6de Leër'

beswyk het weet niemand nie.

Jy weet daarom wanneer die manne in hul gate omkantel en sterf, ja, jy beny hulle selfs omdat hulle so maklik sterf, sonder wondvuur, sonder dat hulle stadig en aaklig verrot. Die hart van die 6de Leër word 'n begeerlike dood.

(Bladsy 253)

Hierdie is een van die min Konsalik boeke wat sin maak om te lees. Hoewel dit nie leesmateriaal vir elke dag is nie, tref dit jou omdat dit op die waarheid gebaseer is. Die taalgebruik en die woordeskat kan soms aanstoot gee, maar dit weerspieël die atmosfeer en omstandighede van 'n oorlog.

Samevattend: Dit is 'n boek wat wêreldde aan jou bekendstel wat sommige mense eerder wil begrawe en vergeet. Maar dit is nodig om kennis te hê en te besef hoe vreeslik dit is as een persoon, een fascis in die duiwel se mag kom en besluite neem oor ander se lewens.

WHEN HEAVEN WEEPS – TED DEKKER

Die boek vorm deel van die 'Mathyr's song' reeks, wat in Amerika groot bekendheid behaal het. Sy werk word as 'n eerste van die soort beskryf, as 'n soort spirituele, roman-riller kombinasie. Met dit gesê beteken dit nie dat die boek enigsins onrealisties is nie.

Die boek beskryf baie sterk wat in die gedagtes van die verskillende karakters aangaan en hoe hulle daarop reageer. Daar is ook 'n baie nou kontak met die Christen karakters en die hemel. Dit mag dalk alles vreeslik vreemd klink, maar laat ek so 'n bietjie van storie verklap.

Die verhaal begin in 'n klein dorpie in Bosnia, tydens die oorlog teen die Nazi's. Die stryd tydens die oorlog was nie net polities van aard nie, maar ook teen die Christendom gerig. Die soldate wat die dorpie instap se doel is om enige vorm van Christenskap te vernietig. In die daaropvolgende tragiese gebeurtenisse sterf 2 persone as martelare vir God. Voor hulle sterwe mag hulle al 'n bietjie beleef van die ewige heerlijkheid wat volg. Tydens hulle sterwe lewer hulle sterk getuienis van hulle geloof en liefde vir Christus. Die impak van die gebeurtenisse is so groot op een van die soldate wat deelgeneem het aan die moord, dat hy dros uit die leër en terugkeer na die dorpie. Daar leer hy ook Christus as sy

Saligmaker ken. Hy word egter voorgekeer en moet 5 jaar in die tronk deurbring waarna hy na Amerika vlug. Vyftien jaar later skryf hy 'n boek oor sy ervarings in die oorlog – dit is 'n onmiddellike wenner.

Maar dit is slegs die begin van die verhaal, want Janjic Jovic moet nog baie leer van God se liefde en hoe hy dit in sy lewe moet utoeleef.

Al word dit 'n 'Christen-roman' genoem, moet die boek met die nodige versigtigheid beoordeel word. In die verhaal word daar baie gefokus op God se liefde en hoe ons as mense dit moet utoeleef. Daar word nie regtig aandag gegee aan die regverdigheid en geregtigheid van God nie. Die beelde van die hemel wat beskryf word in ook net menslike verbeelding, maar is nooit oneerbiedig of skendend nie.

Samevattend is dit 'n interessante boek wat baie stof tot nadenke gee, en jou dwing om besluite en standpunte te neem.

Die boek is ongelukkig nog nie baie algemeen beskikbaar nie, maar kan vanuit Amerika bestel word. Intussen kan julle my eksemplaar kom leen.

QUA VADIS (FILMBESPREKING)

Adriaan Aartsma

Die studentevereniging van Pretoria en Maranata het onlangs 'n filmbespreking gehou oor die film "Qua Vadis". Die film handel oor die vervolging van Christene in die Romeinse tydperk. Dit speel af in die laaste jare van keiser Nero se regering waar die Christene daarvan beskuldig is dat hulle verantwoordelik is vir die brand wat groot dele van Rome afgebrand het. Hierdeur het die grootskaalse vervolging van Christene begin en baie van hulle is vermoor in die arena in Rome. Paulus en Petrus is ook in die film uitgebeeld in hulle sendingsreise.

Hier volg van die punte wat in die bespreking uitgekóm het:

- Daar is baie lyne wat na vandag se wêreld deurgetrek kan word: Seks en losbandigheid is algemeen aanvaar, dit is gelukkig glad nie

uitgebeeld nie, maar die norme daarvan is duidelik sigbaar. Korrupsie in die owerhede is ook baie algemeen. Daar is ook 'n baie duidelike afstand tussen die gelowiges en die res van die wêreld wat selfs tot op totale onwetendheid grens.

- Alhoewel die manier van vervolging verskil, is daar ook vervolging van Christene by ons. Ons word vervolgd deur verleidings wat vir die wêreld aanvaarbaar is, soos byvoorbeeld die toelating van aborsie, saamwoon maar nooit trou nie en algemene losbandigheid. Dit is alles voorbeelde wat stadig maar seker ons Christelike wêreld probeer afbreek.
- Daar was twyfelagtige reaksie op die uitbeelding van Jesus alhoewel die uitbeeldings nie duidelik

was nie. Die enigste noemenswaardige toneel is waar die skildery van “The last supper” gemanipuleer is om deel van die storie te vorm.



- Die einde van die film wys Petrus se staf waar hy dit langs die pad vergeet het en die staf bloei dan vars blomme. Die doel hiervan is nie duidelik nie. Daar kan ’n verbintenis wees met Aäron se bloeiende staf wat in die ark geplaas is, maar dit is nog steeds onduidelik.

Die algemene gevoel oor die film was dat dit goed was en baie aangrypend. Dit was ook realisties in die uitbeelding van die (min) geweld en daar was ook geen vuil taal of misbruik van God se naam nie. Die film is die moeite werd om gekyk te word.

Sosiaal

EKSPEDISIE DEUR AFRIKA

Tanya de Vente

Ses maande en twee dae, 15 000 Amerikaanse dollar en meer as 18 lande later beland hulle by ons in Suid-Afrika. Wat eers as ’n grap begin het, het werklikheid geword vir familie Knol uit Nederland. Hulle het van Assen, Nederland, tot in Suid-Afrika gereis per voertuig! Ek het (met die hulp van ’n tolk en ’n hele aantal toeskouers) vir Hans (22) en Bert (17) by koffiedrink genader en hulle gevra oor hierdie geweldige ervaring.

Eerstens, Hoekom? Wat dryf ’n mens om so iets te doen?

Ons het vir 10 jaar in Indonesië gewoon waar my pa betrokke was by die sending, toe ons terugkom in Nederland het almal ons gevra wat ons volgende gaan doen. Ons het ’n grap gemaak en gesê ons gaan met die kar na Suid-Afrika om vir ons familie te kuier. Omtrent 1993 het almal groot planne gemaak wat hulle in 2000 gaan doen en ons moes toe ook met ’n plan te voorskyn kom, weereens het ons gesê dat ons deur Afrika gaan toer... Maar soos wat 2000 nader kom het almal hulle planne begin deurvoer en ons moes dus ook! So 3 jaar terug het dit toe ernstig geword en het ons besluit ons gaan met die kar van Nederland na Suid-Afrika reis.



Watter lande het julle almal besoek?

Vanaf Nederland na Spanje en vanaf Spanje het ons met die “ferry” gereis na Marokko. Vandaar na Mauritanië, Senegal, Mali, Burkina Faso, Nigerië, Chad, Sudan, Ethiopië, Kenia, Uganda, terug na Kenia, Tanzanië, Malawi, Zambië, Botswana en toe Suid-Afrika.

Hoe het julle gereis?

Ons het twee klein weermag trokke gekoop en daarmee gereis. (“Hanomag” trokke vir die motorkenners onder ons...) Pa en Ma het in ’n daktent geslaap, een broer het in die kar geslaap, en ons het nog twee gewone koepeltentjies gehad. Saans ry ons van die pad af – ongeveer 200m, skakel al ons lampe aan, ma maak ete, soms drink ons ’n biertjie, eet en gaan slaap. Sodra dit lig word het ons weer opgestaan en aangegaan.

Wat het julle geëet, behalwe mopaniewurms?

Ons het droë rys, macaroni, spaghetti, nazi kruie en drop saamgevat. Alhoewel die drop al in Frankryk op was! (Ons het almal gelag vir die opmerking!) Verder kon ons dwarsdeur Afrika orals brood koop. Water kon ons orals kry, ons het wel suiweringstablette by ons gehad en ons het koffie gedrink.

Hoe het julle kerk gegaan?

Ons het verskeie Afrika kerke bygewoon. Hulle sing en klap hande en dit was baie opreg.

Wat was die mees interessante ervaring van die hele reis?

Daar is nie regtig een spesifieke ervaring wat ons kan uitsonder nie, die hele ervaring op sy eie was lekker. Die heel anderste manier van lewe.

Wat was die mooiste/interessantste land wat julle besoek het?

In Sudan was die mense ontsettend “aardig”, en Uganda het beslis die mooiste omgewing en natuurskoon.

As ek CNN kyk sien ek Afrika as ’n kontinent vol maer, honger kindertjies. Het julle enigsins iets daarvan opgemerk?

Ja, in Sudan was daar bv. hierdie gesin met ’n hele streep kinders wat vanaf die suide van Sudan (op die oomblik geteister deur oorlog) gevlug het. Om die uitdrukking in hul oë te sien en die feit dat hulle niks meer het nie, (geen vriende/familie) was definitief ’n “eye-opener”. Ook om die mense vir ure te sien wag op kos wat die Katolieke kerk skenk.

Kon julle enigiets opmerk van die oorlog wat enkele jare gelede in Ethiopië geheers het?

Nee, daar was nog ’n paar verroeste tenks, maar dis al. Daar is wel geweldig baie mense in Ethiopië.

Het julle nie gebaklei onder mekaar nie?

Nee! Onthou ons is net seuns, ons het nie susters nie...dit maak ’n verskil.

Was daar enige struikelblokke langs die pad?

Ja, Bert het malaria opgedoen. Ons het 70 bande geplak! En ons was eenmaal bietjie benoud in Chad toe ’n klomp ouens ons omring het en ons beursies wou steel. Hulle het egter net Peter se horlosie gesteel en ons het weggejaag. Een van die voertuie se as het eenmaal gebreek en ons moes ’n nuwe van Holland laat invlieg.

Laat invlieg...hoe het julle kontak gemaak met hulle?

E-pos...Daar is dwarsoor Afrika oral Internet café’s. ...(dit kon ek nie glo nie!!!!!!)

Wat het julle gedoen toe Bert malaria opgedoen het?

Ek was vir twee dae in die hospitaal in Mali, maar dit was lekker want ek het ’n televisie gehad! (lag)

Het julle nie probleme met visas, paspoorte, doeanes en diesulkes gehad nie?

Nee, intendeel alles het baie goed verloop. Ons het gedink dat ons probleme sal hê, maar ons het nie gehad nie. Ons het seker altesaam 2-3 ure in totaal by al die grensposte en doeanes deurgebring.

Nog ’n opmerking oor Afrika?

Die daaglikse ontmoeting met mense in Noord-Afrika was baie lekker. Hulle bring vir jou kameelmelk as ’n gebaar van gasvryheid. In Suid-Afrika sien hulle jou as ’n toeris en is die gasvryheid baie gemaak, in die Noorde is die gasvryheid en vriendelikheid eg en spontaan. En in elke land wat ons kom waar hulle hoor ons is van Nederland is die reaksie...julle is nie in die FIFA wêreldbeker nie! In Ethiopië is giganties baie kinders. In Chad is die onvriendelikste mense, weet nie hoekom nie.

Wat nou, wat is volgende?

Almal vra dit! Ek (Hans) gaan werk, my geld is op, en die ander gaan skool klaarmaak. Daarna sal ons weer kyk. Ons weet wel die reisgogga is in ons bloed!

Kom julle weer eendag terug in Suid-Afrika?

Miskien, miskien nie...

Ons is almal geïnspireer deur hierdie avontuurlustiges se geweldige ervaring. Dit is iets waarvan ’n mens net hoor en lees en om dit dan eerstehands aan te hoor is ongelooflik. Heelparty gesprekke oor politiek, rassisme en lewenstandaarde in Afrika is met hulle gevoer. Dit was vir ons self ook ’n “eye-opener”. Ons wat in Afrika bly, moes hoor dat dit nie werklik so erg daar buite is soos wat ons dink nie. Ons dank God dat Hy hulle op die ekspedisie van meer as 25 000 km bewaar het. Hans en Bert, dankie dat julle bereid was om julle ervaring met ons te deel. Alles van die beste en mag ons weer van julle hoor!

DEUR DIE SLEUTELGAT

Deur daardie klein ou gaatjie in die deur wat die Kaapse jeug se aktiwiteite vir almal van julle verberg, het ek woeste aktiwiteite bespeur. Onrustigheid van hart, siel en liggaam. Slaap was, dit kan ek julle verseker, bepaald nie aan die orde van die dag nie.

Die rede? O, ja dit was weer die spul Vales wat hier in die land van melk en heuning losgelaat is om ons te kom uitput. Ek verneem dis as gevolg van 'n gebrek aan sosiale opvoeding daar anderkant die Vaal dat hulle so in hulle menigtes op ons toesak... Hoe dit ook al sy, dis darem nie asof ons dit nie geniet het om die spulletjie te wys hoe lyk die "fairest Cape" nie.

Heel eerste het ons afgeskop met 'n braai by die nou al bekende huis van Ilse. Ek weet die betrokke partye het dit nie soveel geniet nie, maar ons ander klomp het in spanning gewag op die ontmoeting tussen die lede van die jongste langafstand-couple, Alex en Elisabeth. Toe Elisabeth haar voete oor Ilse-hulle se drumpel lig, was daar doodse swye onder die geledere van die teenwoordiges, net om daardie eerste woorde te kan hoor. Omdat my geheue gereeld gedurende die akademiese jaar ontstellende ooreenkomste met 'n sif toon, kan ek julle ongelukkig nou nie inlig oor wat daardie eerste woorde was nie. Ek het bietjie vergeet. Daarna het die aandag na die braaivleisvuurtjie teruggekeer – en die bier wat die Valies so vrylik verskaf het...!!!

Ag, ek hoef julle nie eers te vertel dat ons weer op Clifton was nie. En ook nie dat ons daarna die Spur in die Waterfront gaan ondersteun het nie. Ons hoop net dat Corrien darem een of ander tyd vir Ewart sy diep begeerde large pakkie slaptjips sal teruggee. Die arme man is reeds nie van die frisste nie, en het juis daardie oggend laas geëet. Dis seker ook van te lanklaas eet dat Corrien gelyk het soos sy wel gelyk het....

Op Goeie Vrydag het ons oudergewoonte ook weer so 'n ietsie aan ontspanning gedoen, en by Jonkershoek aangedoen. Die weer was perfek vir 'n braaivleisie en 'n slapie onder 'n boom op

'n 'bersie. Chrisjan het gereken die weer leen hom nou weer uitstekend vir 'n sessie pootjebaden van 'n stoel in die middel van die rivier af. En so tussendeur die stress oor die onverklaarbare, gereelde verdwynings wat Alex en Elisabeth gemaak het, het ons almal heerlik ontspan. Reg om die volgende sosiale aktiwiteit in alle erns aan te gryp.

Saterdag het ons die wilde ding gaan doen en Leeukop gaan tem. Ons het die berg – ja, ons weet julle kan nou nog nie glo dis soveel hoër as die Magaliesberg nie, Vaalstes – nou wel in rekordtyd te bowe gekom, maar ons het ook 'n rekordtyd nodig gehad om te herstel. En nou verwys ek nie presies na die kortste hersteltyd ooit aangeteken nie, julle weet. Laat 'n mens amper dink daar skort iets met die jeug van vandag se fiksheid....

Die Sondag het deur my sleutelgat heel kalm en rustig gelyk. Geen aktiwiteit buiten die normale nie, en het daarom ook geen aardskuddende brokkies nuus wat ek julle kan vertel, meebring nie. Maar Maandag was alles weer in volle swang, en 8 uur – ja, liewe lesers, vm!! – die oggend by huis Geleijnse byeengekom en vandaar af die pad te soek Hollandse Molen toe. Ons moes hom soek, want ons was almal nog 'n kinnars toe ons laas daar was, en die ander kon nie so lekker onthou nie.... Ondanks die feit dat die son nou nie juis 100% saamgespeel het nie, het ons 'n tjoep gaan huur en in die rivier gaan swem. Daar het luidens gerugte uit betroubare oorde, enige woordewisseling en meningsverskille tussen die VGKJ en 'n groepie ander baddendes uitgebreek, maar ek kon nog nie vasstel waaroor dit nou presies gegaan het nie. Die damwal was wel betrokke, dit weet ek. En ek weet ook dat die VGKJ hom op die damwal bevind het op 'n bepaalde stadium van die geveg. Nou maak ek maar die afleiding dat die ander groepie ietwat bekommerd was oor die gewig wat die damwal so skielik moes hanteer. Ek mag natuurlik verkeerd wees.

Daardie aand is ons, uitgeput soos ons was, maar nog met helder brandende vlammetjies van

kuiergees, na Café Venetia toe om daar iets te gaan geniet. Daar kom Hans ons toe ook join, en toe's die partytjie kompleet. Ons wat al vroeg gewaai het om te gaan horisontaal verkeer, het later gehoor dat Joe, Ajan, en ek neem aan Hans ook, die kelnerinne van News Café, bure van Café Venetia, - later baie goed geken het...

En toe breek die dag van die vertrek van ons Valie maatjies amper aan. Die laaste aand het ons in Tygervallei in die Spur gaan deurbring en die moeilike managers al hulle dae gegee. 'n Mens mag glo glad nie oor die banke of halwe mure klim nie. Ook nie oor tafels nie. Ek sê maar net. Vir future reference, julle weet. Die aandjie is afgesluit by Elisabeth se huis. Ja, doodreg, haar ouers was op stap vir 'n naggie of wat...

En toe is die Kaapse jeug weer alleen. Ek vir een het maar my sleutelgat vir eers so laat staan en eers 'n paar dae lange slapie op die "Welkom"-matjie voor die deur gevang. Net om na die spul te kyk, was uitputtend genoeg. Maar stadig maar seker het die lewe terug gekom in die moeë spul, en die vakansie is toe later iets van die verlede. Almal is met die ter perse gaan van hierdie uitgawe weer terug in die tuig. Sterkte mense!!! Die toetsreeks vir die studerendes onder ons begin seker ook binnekort weer, so julle sal sterkte seker kan gebruik.

Verder lui die jongste berigte deur die "grapevine" dat Carien nou ook haar intrek in Stellenbosch geneem het. Sy vertel heel oortuigend dat dit is omdat die lift-sakie 'n probleem geraak het, maar ek wonder of daar nie iets meer agter sit nie. Iets soos die feit dat Hein ook iewers in die Bosch resideer. Maar dis maar net 'n gedagte... Geniet die studentelewe maar, Carien!!!

Dit is sover al waarom ek kan berig. Die bewegings wat aan die opkom is, en waarvoor ek nou al mense sien rondskarrel, is die ou klere verkoping op Die Braak in Stellebosch komende Saterdag, en ook die Vossejag. Soos ek die storie luister gaan die hele Tygervallei vervuil wees van verdag geklede figure. Ou vroue, huisvrouens, swanger tieners en hulle boyfiends, vals veiligheidswagte, en so meer. Sorg maar dat julle daar is, dit beloop om 'n histeriese aandjie te word!

Vir nou is dit eers oor en uit van my kant af. Ek sal maar die tyd intussen gebruik om weer die odd porp koerantpapier wat in 'n poging tot geheimhouding van gebeure in die sleutelgat gedruk is, uit te haal.

Julle immer belangstellende
Sleutelgatloerder

VOETSPOOR

Daar het lyk my die afgelope tyd nogal 'n paar dinge gebeur in Pretoria. Hierdie artikel mag net dalk nie oral 100% suiwere waarheid wees nie, want die uwe kan geen ooggetuie is lewer van 50% van die gebeurtenisse nie. Dus is my bron van inligting niks meer as 'n e-mail nie, en hang die res van die kwaliteit en interessantheid af van die grootte van my duim. Dit is dus 'n waarskuwing, die finale een en u mag, indien u dit verkies, die Olielamp langs u neersit en u verder verdiep in die wonderlike nuusbrokkies en belangrike gegewens wat ons, gelukkige Pretorianers, mos elke Donderdag in die Rekord kan lees.

'n Tydjie terug kon oplettende lesers dalk weer 'n opvallende gesig in ons midde sien. 'n Nederlandse gesig. Nou dink ek nie die vraag wie die eienaar van hierdie Nederlandse gesig is, is eers die moeite werd om 'n miljoen Rand-prysvraag vraag te wees nie, laat staan 'n Million Dollar-prysvraag (R100000000000), want die antwoord is die laaste tyd nie so moeilik nie, selfs redelik logies: die eienaar van die gesig is Jan. Jan van Holland, dus. Hy was weer hier, nie so verwonderlik nie, né? Welkom Jan, dis goed om jou weer (nog steeds?) hier te sien!

Verder was daar nog meer Nederlandse gesigte: 3 ouens wat nog nooit van 'n vliegtuig gehoor het nie, miskien? Wie sal weet, hulle het in elk geval met 'n kar vanuit Nederland hiernatoe gery. Dis eintlik nogal heel waaghalsig en eintlik gewoon net baie cool, en hulle het tenminste nou al baie meer van die wêreld gesien as ons, wat soms al huis toe verlang as ons nie meer die Voortrekkermonument op die horison sien pryk nie. Erens in hierdie blad is daar meer inligting oor hierdie mense te lees, wat tussen hakies luister na die name Hans, Bert en Christiaan Knol.

Ons land is nogal ryk aan nasionale vakansiedae en 21 Maart was dit tyd vir Menseregtedag. Geen mens weet wat die verband is tussen ons sogenaamde 'regte' en om met Axel se voertuigerige gevaarte na Soshanguve te gaan nie, maar dit was wel die geval. Is dit nie dalk opgeteken in een of ander wetboek dat 'elke mens die reg het om nie plaas te neem in 'n voertuig waarvan hy, so te sê, GEEN onderdeel vertrou nie'? Seker nie, as mens so kyk na die hoeveelheid taxi's om ons heen nie...Maar daar was niks te vrese nie, want hulle het die dag in Soshanguve, by ons 'satelliet-jeuglede' baie geniet. Ook nogmaals dankie aan Axel dat hy die moeite gedoen het om te ry.

Maandag 1 April het 'n groep van ons jeug gaan sing vir die pasiënte van die H F Verwoerd-hospitaal. Miskien het die siekes dalk eers gedink (vanweë die datum) dat, toe hierdie groep

jongelinge by die hospitaal opdaag daar een of ander catch aan die goedheid verbonde is. Dat dit dalk die dokter is wat probeer snaaks wees. Maar toe dit blyk dat dit gewoon VGK-jeuglede is wat vir hulle gaan sing het om hulle verblyf in die hospitaal bietjie op te fleur, het die mense dit baie waardeer. Dus die moeite was nie verniet nie, en dankie aan almal wat saamgesing het! Die singers is "beloon" met 'n bring en braai by Roose na die tyd.

Op 'n Sondagaand, êrens in April, was daar na kerk 'n Nederlandse Brit wat ondertussen nog heel behoorlik Afrikaans praat ook, wat 'n praatjie gehou het. Hy het gepraat oor sy evangelisasie onder Moslems in Londen. Dit was baie interessant en ook indrukwekkend, want 'n mens besef nooit so goed hoe die situasie in ander lande is nie. Hy het onder meer ons voorbede gevra en ook belangstellendes wat in die Londense agterbuurte sal wil evangeliserings- en maatskaplike werk doen.

En daar is die dagboek der algemene jeuglid van VGK Pretoria of Maranata alweer opgedateer. Hoop dit was insiggewend. Indien u nie al lankal die Rekord nader getrek het nie, en nou al dalk trek by Oom Kallie en tan' Soekie se 75 jarige huweliksherenking, doen dit nou maar, want hierdie uitgawe van Voetspoor is baie naby aan die einde...

Tot die volgende keer,
Voetspoor.

brokkies@epos.co.za

Willemien Kleyn

Hierdie is 'n nuwe naam vir 'n rubriek wat alreeds verskeie kere verskyn het (onder die naam "Sê Jou Sê" of "Nog Iets"). Die idee van hierdie rubriek is om sprekende stories en boodskappe wat per e-pos versprei word met mekaar te deel. Voel vry om vir ons enige sulke stories/boodsappe te stuur.

Vandag wil ons die gedig "Funny How" met julle deel. Hierdie gedig wys hoe ons so maklik van God vergeet. Hy laat ons weereens na onself kyk en onself ondersoek. Dink maar

bietjie daaroor na en bespreek dit met jou vriende

FUNNY HOW...

Funny how we set our clocks to rise at 4:00 am or 5:00 am to be at the job by 7:30 am. Yet when Sunday comes we can't get to church by 10:00am to praise the One who gave us the job!!

Funny how we call God our Father and Jesus our Brother, but it so hard to introduce Them to our family.

Funny how we can't think of anything to say when we pray, but don't have any difficulty thinking of things to talk about to a friend.

Funny how we are so quick to take directions from a stranger when we are lost, but are hesitant to take God's direction for our lives.

Funny how so many churchgoers sing "standing on the promises" but all they do is sit on the premises.

Funny how people think they are going to heaven

But don't think there is a hell.

Funny how it is okay to blame God for evil and suffering in the world, but it is not necessary to thank Him for what is good and pleasant.

Funny how when something goes wrong, we cry, "Lord, Why me?" but when something goes right, we think, "hey it must be me".
Oh wait ...maybe this isn't so "funny" after all.

Funny how we probably all read this but few of us will take time to pass it on...

MAAK TYD

Maak Tyd om te DINK
Dit is die bron van krag
Maak Tyd om te SPEEL
Dit is die geheim van voortdurende jeug
Maak Tyd om te LEES
Dis die fontein van wysheid
Maak Tyd om te BID
Dit vermag so veel
Maak Tyd om LIEF te hê
Dis 'n Godgegewe vermoë

Maak Tyd vir VRIENDELIKHEID
Dis die pad na geluk
Maak Tyd om te LAG
Dis die medisyne van die gees
Maak Tyd om te GEE
Die lewe is te kort vir selfsug
Maak Tyd om te WERK
Dit is die koste van sukses
Maak Tyd om te GLO
Dit is die sleutel tot ewigheid

VERJAARSDAE

Bethal

Jonathan Smuts 6-Jun
Charl Coetzee 7-Jun
Toinette Coetzee 23-Jun

Kaapstad

Erik-Jan Moes 16-Mei
Karen Douma 19-Mei
Jacques Kilian 20-Mei
Marco Zielman 22-Mei
Anita Drijfhout 23-Mei
Hein de Jager 6-Jun
Marcel du Plessis 19-Jun
Frans Geleijnse 30-Jun

Maranata

Berend de Jager 3-Mei
Frans Hagg 11-Mei
Irmarië Bosman 11-Mei
Monika Kampman 12-Mei
Floris Visser 17-Mei
Arnold vd Bout 27-Mei
Clarisse vd Bout 2-Jun
Gys van der Meulen 4-Jun
Marlene de Vente 5-Jun
Marie-Louise vd Bout 14-Jun
Johannes Kerkhoff 27-Jun

Pretoria

Wieger van der Veen 3-Mei

Reinhart Buenk 9-Mei
Jacqueline Zielman 12-Mei
Willemien Kleyn 15-Mei
Naomi Schuring 15-Mei
Anja Smit 18-Mei
Christelle Bosker 30-Mei
Willem de Jager 3-Jun
Bea Bruintjes 6-Jun
Aliena Miske 9-Jun
Cornelis Kleyn 9-Jun
Marius Bijker 9-Jun
Lieze Bron 9-Jun
Hendrico De Castro 12-Jun
Henriette Ros 16-Jun
Charlene Danielz 23-Jun